# KOMMUNIKAMMA 5 MEI 2024

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za
Jou blokouderling of -diaken

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 5 Mei**
**Skriflesing:** 1 Joh. 5:1-12
**Tema:** Die belangrikste kant van 'n muntstuk.
Baie geluk aan Rynhardt en Liandi Viljoen met Wihan se doop vanoggend.

**08:30 EIETYDS DIENS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**
Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb. kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

**18:00 LEEF@KERK**
**Die bedieningsdankoffer in die houtkassies gaan vandag vir WWJD**

**Maandag 6 Mei**
**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb. kennis dat die kerkkantoor weeksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

**09:30 DIENS BY KRAGGA KAMMA UITSPANNING**

**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Dinsdag 7 Mei**
**10:00 DIENS BY STELLA LONDT**

**17:30-18:30 XHOSA KLASSE**

**Woensdag 8 Mei**
**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**
Die nood by en behoefte aan kospakkies by die PE Noord gemeenskap bly baie hoog. Dankie vir elke bydrae.

**10:00 DIENS BY CP BRADFIELD**

**10:00-11:00 XHOSA KLASSE**

**19:00 KERKRAADSVERGADERING**

**Donderdag 9 Mei**
**HEMELVAART**
**18:30 HEMELVAARTDIENS**

**Vrydag 10 Mei**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15.**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 12 Mei**
**MOEDERSDAG** – Moeders moet asb so paar minute vroeër kom.
**09:00 GESAMENTLIKE SANGDIENS EN KLEUTERKERK**
Die kore wat kom saamsing is **Optima Voices** (Westering High School Choir) en **Cantando@Algoa koor**
**10:00 KATEGESE**
**18:00 LEEF@KERK**

## GEBEDSAKE:

- Ons dank die Here vir 'n suksesvolle Kermis.
- Geliefdes wat gesondheidsuitdagings beleef:
  Mieke Dolphin sterk tans aan na 'n operasie in Greenacres Hospitaal
  Elaine Greyling en haar seun, Ernst, wat behandeling kry.
  Barbara Ott en Mieke Dolphin se gesond word.
- Johan en Erna Coetzee en hul familie met die afsterwe van hulle seun.
- Vroue se Geestelike Groei werkswinkel. Dat die Here Wanda sal seën en wonderlik sal gebruik. Afwagting en verlange na dieper verhouding met die Here by almal wat kom.
- Pinksterdienste van 13-15 Mei. Pinksterfees op Sondag 19 Mei.
- There4 bedieninge.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Midde-Ooste en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Die sluit van vrede.

**VERKIESING 2024**
Dit is nog 24 dae voor verkiesingsdag. Kom ons verootmoedig ons voor die Here vir 'n vry en regverdige verkiesing. Bid dat mense biddend hul stem sal uitbring. Bid vir eerlike, wyse en onpartydige verkiesingswaarnemers.

Ons deel in die volgende 4 weke so paar merkers rondom die uitbring van jou stem. Jy hoef nie met alles saam te stem nie, maar hopelik kry dit mense aan die saamdink en -gesels. En help dit ons om te bid.
**'n Christelike party?**
Die ideaal is dat hulle wat my verteenwoordig, opregte kinders van die Here sal wees. In 'n diverse land soos Suid-Afrika is dit egter nie altyd haalbaar nie. Wat is die taak van die regering wanneer dit by geloof kom?

In 1 Timoteus 2:1-3 lees ons: "[1]Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, [2]vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, **sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.** [3]So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, [4]wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**
Bid saam met Christene in **Mali** vir 'n einde aan ekstremiste bedrywighede wat soveel armoede, gebrek aan onderwys, massa ontruimings en die oorsaak van moorde is.

**NUWE LIDMATE**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**GEESTELIKE GROEI**
ViA (Vroue in Aksie) hou op Vrydag 10 (18:00-20:00) en Saterdag 11 Mei (09:00-14:00) 'n Geestelike Groei werkswinkel. Die werkswinkel word deur Wanda Bam ('n vorige mej. SA, Melinda Bam, sa ma) aangebied en sal by Swan Lake gehou word. Die koste is R100 per persoon en sluit ligte verversings en vir Saterdag 'n middagete in. Volg die skakel om in te skryf vir die werkswinkel: https://forms.gle/KwGaPBBAT487RqbM6. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) vir meer inligting.

**FONTEINVRIENDE BYEENKOMS (Afgetrede persone)**
Op Donderdag 16 Mei hou ons, ons volgende funksie. Lize van Zyl gaan vertel en demonstreer oor "Seniors in aksie, die belangrikheid van beweging". Hou jou reg vir 'n lekker oggend. Vir meer inligting, kontak Zelda Bakkes by sel: 083 950 6096 voor 10 Mei.

**KERMIS**
Baie dankie vir elkeen se betrokkenheid by hierdie heerlike kuierfees. 'n Besondere woord van dank vir elke sameroeper wat by hulle tafels voorgeloop het.

**RAAK BETROKKE**
Aangesien ons 'n groeiende geloofsgemeenskap is, het ons op vele terreine hulp nodig van vrywillige gemeentelede. Ons kort tans veral hulp met mense wat voor die eietydse diens mense groet in die voorportaal, die regstreekse uitsending van eredienste, persone wat deel wil wees van die gasvryheidsbediening en persone wat wil help met die opneem en tel van die dankoffer by die deure op 'n Sondag. Indien jy graag betrokke wil raak, kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

**CANTANDO@ALGOA KOOR**
Kontak Gustel Agenbag (089 899 3804) indien jy belangstel in 'n oudisie vir die Cantando@Algoa Koor. Oudisies word per afspraak gedoen.

**AVONTUURWEEK 24-28 Junie 2024**

Raak saam met ons opgewonde oor Kraggakamma se Avontuurweek. Ons tema vir 2024 is ***Scuba: diving into friendship with God.*** Avontuurweek is 'n vakansie bediening aan kinders van 4 jaar tot Graad 6 en bied vir kinders die geleentheid om die Here te leer ken en Hom te dien met hulle lewe. Dis 'n week vol verassings en pret en 'n plek om nuwe vriende te maak. Die kinders gaan deur Bybel avonture, kuns, drama en spel, ervaar dat God se liefde hulle deur die donkerste tye van hulle lewe dra! Kinders word in kleingroepe ingedeel. Hoërskoolleerders of studente tree as kleingroep leiers op.

Kinder inskrywing (vir kinders jonger as 13):
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfcPC5kz-0HR6okfA-lfWd1QWn7pSg808TdgDZmV6by7ekQIA/viewform?vc=0&c=0&w=1&flr=0

Leier inskrywing:
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeu9UJTp_OQ2cI7UosZmcJQDB34ul3MxbP29-PTy5fw6qQOmg/viewform?vc=0&c=0&w=1&flr=0

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 5 Mei | Rieke Jooste, Susan Pretorius, Annemarie Roets, Hanro van Rooyen, Wihan van Rooyen en Allesandri Vosloo |
| 6 Mei | Jane Nel, Lientjie Nel, Roenel van Rooyen en Huan Visagie |
| 7 Mei | Ria Dreyer, Jeandré Nel, Sakkie Rossouw, Willem Stassen en Philip Vivier |
| 8 Mei | Elria Stanford |
| 9 Mei | Riley Finkelstein, Lauren Nell, Eska Stapelberg, Sean Strydom en Sabastien van Wyk |
| 10 Mei | Hennie Botha, Gins van Rooyen en Danie van Wyk |
| 11 Mei | Quinnie Horn, Tiens Janse van Rensburg, Julien Postma, Austin Roets, Samuel Saunders en Rika Terblanche |

**Ons wens oom Willie Stassen geluk met sy 94ste verjaarsdag op 7 Mei.**

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005